## Brokkies Nuus—Brenties
## 1e Kwartaal 2016

**Baie dankie aan ELKE ouer wat toestemming gegee het dat die H.E.Y! span u kind mag bedien met die Woord van God! Dit is vir ons 'n groot voorreg!**

Elke Maandagoggend is dit
*Dapper Stappers* (3-4jr)!
Tydens die 1e kwartaal het tannie Juanita saam met die kleintjies deur die Bybel gestap en onttdek dat Noag gehoorsaam was aan God, ***Josef 'n dromer was en baie uitdagings gehad het, en dat Abraham bly glo het in God se beloftes en dat dit na 'n BAIE lang tyd eers waar geword het!***





Die Gr PreR *Verkleurmannetjie* is 'n warboel van kleure, en dit het ons geleer deur hangertjies te maak met elke kleur. Gesels oor ons groot God wat alles geskep het en nou in die Hemel woon. Saam het ons geleer van al die konings in die Bybelsetyd en krone gemaak, want, ons is mos Koningskinders!













GROEI GOGGAS

Gr. R'e het gaan "shop" en dmv lekkergoed met verskillende kleure gesien hoe dit ons van die Bybel leer.
Ons het geleer wie en wat God is.
Saam met Jona onthou dat wanneer ons 'n werkie het om te doen, maar nie lus het daarvoor nie, moet ons steeds gehoorsaam bly! Want, om nie te luister nie, is mos sonde .....





Die "Uiltjie klas" vra: "WEL? Wat dink JY? Wie IS Jesus?? " Jesus het verskillendes hoede gedra sodat ons Hom en Sy karakter kan ken: Babamussie—Hy het mos aarde toe gekom. Afrigterspet—want Hy rig ons af vir die lewe. 'n Bril-omdat hy "in zoom" in ons harte. 'n Superhero masker, want Hy het ons mos gered.

**Dankie vir jou gebede en ondersteuning !**
**Juanita Lee**
**072 637 4882**